

**Dinsdag 5 Julie**

**Skrifgedeelte: Handeling 16:6-10**

**Fokusgedeelte: Handeling 16:6-10**

**Evangelis: Jy is voltyds in God se diens! Luister na die Gees wanneer Hy jou bewus maak van 'n spesifieke geleentheid om te skyn!**

Om met jou daaglikse lewe evangelis te wees en Christus se lig te laat skyn, is 'n voltydse roeping in diens van God. Ons is nie maar toevallig op 'n spesifieke plek en tyd besig om as evangeliste te lewe nie. God gebruik ons doelbewus waar Hy ons geplaas het. Om Christus se lig te laat skyn, is immers ons doel en taak op hier op aarde!

God werk ook met 'n plan met betrekking tot die mense wat Hy uitverkies het en wat Hy deel wil maak van die lewe in die lig van Christus. Mense wat dalk in jou lewensruimte is, maar wat nog as wêreldse mense leef. Uitverkorenes wat nog in die donker lewe en die Lig moet sien. En dis daar waar God wil hê jy moet skyn!

Daarom sal die Heilige Gees – soos hier in ons teksverse – omstandighede so plooi dat jy en daardie mens mekaar se paaie kruis. Die Gees sal jou bewus maak van die tyd en geleentheid waar Hy jou wil gebruik. Wees dus fyn ingestel op hoe die Here soms mense na jou toe bring, omstandighede skep en vorm, waar jy weet – ontwyfelbaar weet – hier moet ek nou my lig laat skyn! Niemand anders kan dit doen nie – net ek!

Soms is dit somer “naby-mense”: 'n familielid, 'n vriend of kollega by die werk wat 'n vraag vra, wat vreemd optree of wat deur diep beproewing gaan, en jy besef: hier dryf die Gees my! Hier moet ek my lig laat skyn! Soms is dit “ver-mense”: 'n vreemdeling voor jou deur, 'n medepassasier op 'n bus of vliegtuig, en jy weet: nou moet ek praat!

Luister dan na die Gees en laat jou lig skyn! Hy het immers belowe om die woorde in jou mond te lê en Christus het gesê: Moenie bang wees nie, Ek is met jou! Wat 'n voorreg om vir Hom te kan skyn as Hy jou roep!

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*